

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 1: *B'reisheet* – In Begin

In begin het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1¹

Torah: Gen. 1:1 tot 6:8.

Haftorah: Jes. 42:5 tot 43:10.

Nuwe Verbond: Matt. 1:1 tot 17; Matt. 19:3 tot 9; Mark. 10:1 tot 12; Joh. 1:1 tot 18; Open. 21:1 tot 5; Open. 22:1 tot 5.

Vorige notas vir Parashah 1 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Real men don't love the most beautiful woman in the world – they love the woman who can make their world the most beautiful! – K. Packouz.

God is Light. God is Love. That which professes to be light yet lacks love, is not of יהוה-God; while that which calls itself love, but is not according to light is equally not of God – J. Charleton Steen.

A successful marriage requires falling in love many times, always with the same person. – Mignon McLaughlin.

Torah Bespreking

Hersiening

In Deuteronomium 34, in die laaste hoofstuk van die vyfde en laaste boek van Mosheh, het ons gelees van sy dood en begrafnis. Hierdie deel van Yisra'el se geskiedenis word afgesluit met hierdie woorde:

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134

10 Sedert daardie tyd, het daar geen profeet soos Mosheh, in Yisra'el opgestaan, vir wie יהוה van gesig tot gesig geken het nie,

11 vir al die tekens en wonders wat יהוה hom gestuur het om in die land van Mitzrayim aan Farao en aan al sy dienaars en sy hele land te doen

12 en vir al die magtige krag en al die groot, verskriklike daade wat Mosheh voor die oë van die hele Yisra'el gedoen het. Deut. 34:10-11.

Sedert Mosheh, en tot met Yeshua, dié Gesalfde Een, se koms, was daar geen ander profeet vir wie יהוה van gesig tot gesig geken het nie. Daarom was Mosheh 'n sinnebeeld van Yeshua as koning en profeet, terwyl Aharon 'n sinnebeeld was van Yeshua as hoofpriester.

Terwyl ons nog hierdie gebeure vars in ons geheue het, blaai ons terug na Genesis 1 en lees ons in vers 1 – *In begin het God die hemele en die aarde geskep.*

Ons begin weer nuut met יהוה se Torah – Sy liefdevolle onderrig en instruksies aan elkeen wat Hy as Sy kinders aangeneem het. Dit is יהוה se 'huisreëls' wat nougeset gevolg moet word om al die seëninge van Vader-God se huishouding deelagtig te wees. יהוה is die Vader van die huishouding en Yeshua, dié Gesalfde Een, is die Eersgeborene en ons is יהוה se wedergebore kinders. Torah is יהוה se liefdevolle onderrig in onpartydige opregtheid, naamlik 'n leefwyse hoe om in die regte verhouding met Vader-God te leef nadat ons deur vertroue in Yeshua as onpartydig en opreg verklaar is.

Die Geskrewe Woord!

יהוה-God wat alles geskape het, en wat van die begin af in beheer van Sy skepping was, en wat steeds is en wat vir altyd sal wees, het gekies om deur Sy geskrewe woord Homself aan die mens te openbaar. Dit opsigself getuig van God se onverdiende guns en is rede om aandagtig na Sy woorde te luister!

Maar om God se geskrewe woord te lees en te verstaan, naamlik om te hoor wat Hy vir die mensdom wil sê, word deur verskeie faktore beïnvloed.

Eerstens was die oorspronklike geskrewe openbaring van God deur 'n spesifieke taal en kultuur wat vreemd is tot die Westerse tale en verskeidenheid kulture. Daarom moet ons soveel dieper grawe om die volheid van die geskrewe openbaring van God reg te verstaan, naamlik om te hoor wat Hy vir ons sê! Begrip van die taal, kultuur en geskiedenis van Yisra'el van ouds is derhalwe noodsaaklik, want dit dra by tot ons kennis en insig van die Karakter en Outoriteit van die Skepper-God wat ons dien. Soos iemand tereg gesê het:

“To read the Bible always and only in translation is like listening to Bach, always and only played on the harmonica. You certainly get the tune, but you will miss pretty much everything else”

Tweedens het ons almal die geneigdheid om selektief te wees oor wat ons hoor of om dit wat ons hoor te maak pas by wat ons wil hoor! Ons almal het die probleem dat ons kennis van die Karakter en Outoriteit van יהוה hoofsaaklik gegrond is op dit wat ons van kleintyd af geleer was deur ons ouers en ander wat se openbaringskennis van God in vele opsigte met misleiding besoesel was. En dan het ons ook die geneigdheid om vas te hou aan dit wat ons geleer was; selfs wanneer ons nie Skriftuurlike bewys kan lewer nie!

Dit vereis “oefening” om slegs dit te hoor wat יהוה deur Sy geskrewe woord vir ons wil sê. Ons het egter die versekering dat God Sy Karakter en Outoriteit deur Sy woord aan ons wil openbaar. Maar dit vereis toewyding en 'n leerbare gesindheid, asook vertroue dat die Gees wat Afgesonderd is ons sal leer en in alle waarheid sal lei.

יהוה se geskrewe woord is soos 'n diamantmyn en elkeen is 'n delwer. Die Afgesonderde Gees sal ons help om die egte diamante te ontdek en ons help om dit te slyp tot 'n kosbare diamant van geestelike waarheid.

Ons openbaringskennis van die Karakter en Outoriteit van יהוה moet nie net intellektuele kennis wees nie, maar moet die skietlood wees waarvolgens ons onself, en alles wat ons dink, praat en doen, meet.

Wanneer ons hoor en doen wat יהוה in Sy geskrewe woord sê, sal ons nie hierdie wêreld navolg nie, maar verander word deur die vernuwing van ons denke en dan sal ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is (Rom. 12:2).

Genesis is die begin van die openbaring van die Karakter en Outoriteit van יהוה-God. Daarom moet ons begin by die begin, want Genesis, tesame met die ander vier boeke van Torah is die historiese en teologiese fondament waarop die res van die Skrifte gebou word.

Wanneer ons 'n boek lees begin ons tog by die begin. Die Skrifte is die boek van יהוה aan die mens en daarom moet ons by die begin, begin.

Bepeins of Bespreek

1. Is die volgende stelling waar? Die feit dat die Christendom leer dat gelowiges vry van die wet is, is hoofsaaklik te wyte daaraan dat hulle nie geleer word wat is die ware betekenis en doel van יהוה se Torah nie!

'n Begin en 'n Einde

Die sewentig rabbis wat die Tanakh (ou verbond) in die laat derde en vroeë tweede eeu voor Yeshua in Grieks vertaal het, en wat bekend is as die Septuagint, het die naam *Genesis* wat *generasies* of *bron* bron beteken aan die eerste boek van die Skrifte gegee. Die Hebreeuse naam is egter *B'reisheet* wat vertaal kan word as *in begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van יהוה se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was.

Genesis begin met die tuin van Eden waar die mens aanvanklik (tot en met die sondeval) in 'n volmaakte verhouding met sy Skepper-God gelewe het. Die boek van Openbaring eindig met 'n herstellende tuin van Eden waar die mens weer in 'n volmaakte verhouding met יהוה sal lewe. *B'reisheet* begin met יהוה se Koninkryk en Openbaring eindig met יהוה se Koninkryk. Alles wat tussen Genesis (na die sondeval) en die einde van Openbaring gebeur, is deel van יהוה se plan van herstel van Sy skepping en van die herstel van die verhouding tussen יהוה en die mens soos dit voor die sondeval was. Alles tussen Genesis hoofstukke 1 en 2 en Openbaring hoofstukke 19 tot 22 moet as יהוה se plan van herstel gesien word. Sommige dele van hierdie plan is 'tydelik' of 'tussentydse maatreëls' totdat die volmaakte weer gekom het of herstel is.

Ons moet hierdie geheel prentjie sien, naamlik dat Genesis en Openbaring 'ontmoet' mekaar weer teen die einde. Dit is 'n geval van: *Eden lost; Eden restored!*

Daarom is Torah nie beperk tot die eerste vyfboeke van Moses nie! Nee! יהוה se Torah strek vanaf Genesis 1:1 tot Openbaring 22:21! Dit is al die onderrig, instruksies en wysheid van יהוה soos in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is.

Rabbynse Judaïsme kan nie hierdie geheelprentjie sien nie, want hulle verwerp Yeshua as dié Gesalfde Een, asook die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom probeer hulle om alle

Skrifverklarings en profesieë binne die raamwerk van die Skrifte van die ou verbond in te pas! Rabbynse Judaïsme sien nie die volle waarheid van יהוה se plan van herstel nie!

Ek het al voorheen gewaarsku teen die gevaar van gelowiges wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, maar wat so vasgevang en bekoor word deur Rabbynse Judaïsme dat hulle die Apostoliese Skrifte begin ‘verwaarloos’ en uiteindelik bevraagteken! Hierdie is ’n duidelike teken van die eerste tree om te Judaïseer en om Yeshua uiteindelik te verloën.

Die gevaar en misleiding van Rabbynse Judaïsme word ondermeer bespreek in die studie: “Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?” wat afgelaai kan word by: [RabbynseJudaïsmeReeks](#)
Die vraag wat elkeen moet beantwoord, is: “Wie is jou Rabbi?” ’n Artikel in dié verband kan afgelaai word by: [Okt15Leermeester](#)

Dit is daarom noodsaaklik om die studie van Torah te begin met die benadering dat die einde word deur die begin bekend gemaak en daarom moet ons by die begin begin, want יהוה vestig ‘n patroon wat herhaal word:

- 9 Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;
10 wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: ‘My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;
11 wat ’n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit ’n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen.
Jes. 46:9-11.

Maar ons moet nooit die einde volgens God se Raadsplan wat die Apostoliese Skrifte uitspel, vergeet nie, want dit is waarheen ons op pad is, naamlik na die herstelde tuin van Eden – die nuwe hemel, die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem (die Bruid). Die einde moet ons fokus wees en dit is slegs in die Skrifte van die nuwe verbond waar ons die stukkies van die legkaart vind om die volledige prentjie te kan voltooi!

Sonder die Apostoliese Skrifte sal ons nie in die volle waarheid deel kan hê nie! Ons sien en verstaan die einde van Openbaring in die lig van die begin in Genesis en die ander vier boeke van יהוה se Torah, asook die profete.

Wedergeboorte

Soos Genesis die boek van die begin is, so herinner dit ons daaraan dat ons elkeen wat wedergebore is ook ‘n begin het en ook kan sê: In die begin.....!! Wedergeboorte is die begin van ons geloofslewe om יהוה-God en Yeshua te leer ken.

Hierdie begin was voor die grondlegging van die wêreld, soos Sha’ul dit in Efes. 1:3-5 verduidelik:

- 3 Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons geseën het met al die seëninge van die Gees in die hemel, in eenheid met Die Gesalfde Een
4 net soos Hy ons vroeër, in eenheid met Hom, gekies het van voor die ontstaan van die wêreld af, om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees en ons vroeër in liefde vir Homself aangestel
5 en ons as kinders gevestig het deur Yeshua, Die Gesalfde Een, want dit stel Sy wil tevrede.

Hoor die Woord van יהוה wat vir jou en my sê dat ons in eenheid met Hom gekies was van voor die ontstaan van die wêreld af, om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees! יהוה, ons God en Vader, het reeds voor Genesis 1:1 besluit om ons as Sy kinders te vestig deur Yeshua, dié Gesalfde Een!! Dit was ons “in die begin”! Ons oorsprong was reeds in Vader-God se gedagtes gevestig (beplan) voor die grondlegging van die wêreld!

Maar die dag toe die saad van jou vader die eiersel van jou moeder bevrug het, het jy vlees geword in die baarmoeder van jou moeder! Dit was ook jou oomblik van ‘in die begin’ as vleesgeworde skepsel van jou Maker! Sowat nege maande later is jy gebore en was dit jou ‘in die begin’ van ‘n lewe in hierdie wêreld.

Soos jy opgegroeï het, het daar ‘n dag in jou lewe gekom waar die Goeie Saad van יהוה se onverdiende guns in Yeshua in jou hart gesaai was. Hierdie saad het die vrug van wedergeboorte voortgebring – jou oomblik van ‘in die begin’ van ‘n lewe as onpartydig en opreg in Yeshua, dié Gesalfde van God. ‘n Nuwe begin!! Die begin van ‘n lewe van vertroue, gehoorsaamheid en afsondering waarsonder jy nie jou Meester Yeshua sal sien nie (Heb. 12:14).

Elke Woord van יהוה wat jy ontvang om nougeset daarvolgens te handel, is saad wat die begin is van ‘n uiteindelijke vrugbare oes van gelykvormigwording aan Yeshua. Torah is daardie saad wat in ons hart en in ons verstand gesaai word om die vrug van die Boom van Lewe voort te bring! Elke Woordsaad kan vergelyk word met ‘in die begin’! Dit is die begin van ‘n vrugbare oes! ‘n Nuwe begin van beter begrip van die Vaderhart en van ‘n meer intieme verhouding!

Mag hierdie nuwe Torahsiklus waarlik ook vir jou ‘n “in-die-begin-oomblik” wees – ‘n nuwe begin om יהוה jou God en Sy Seun Yeshua beter te leer ken en deur die Afgesonderde Gees geleer en kragdadig ondersteun te word om in alles aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, gehoorsaam te wees.

Bepeins of Bespreek

1. Wedergeboorte is die begin van jou lewe as deel van יהוה se koninklike priesterdom volgens die orde van Malki-Tzedek. Hierdie is een van die voorbeelde van dit wat aan die begin was, naamlik tot en met die goue kalf aanbidding, en wat na Yeshua se folterdood en opstanding weer herstel (heringestel) is. Dit is een van die baie belangrike stappe in die herstel van die tuin van Eden. Hoe jammerlik is dit dat so min Torahgehoorsame gelowiges hierdie waarheid nog nie ontdek het nie en nie in die lig daarvan lewe nie. Wat is die verskil tussen die Levitiese priesterorde en dié van Malki-Tzedek? In latere Torahskriflesings sal ons meer hieroor gesels.

Gen. 2:18 – Dit is nie goed nie!

Tydens die Skepping lees ons ten opsigte van elke dag die volgende: “God het gesien dat dit goed was”. In Gen. 1:31 lees ons egter die volgende:

God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag.

Maar wat was egter nie goed nie? Die antwoord is in Gen. 2:18.

יהוה-God het ook gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n helper maak wat by hom pas.”

Hierdie helper is gevorm uit een van die ribbebene van die mens soos ons in Gen. 2:21-23 lees:

²¹ יהוה-God het 'n diep slaap oor die mens laat val en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene gevat en die plek daarvan met vlees toegemaak

²² en יהוה-God het die rib wat Hy vanaf die mens gevat het, gebou tot 'n vrou en haar na die mens gebring.

²³ Die mens het gesê: “Eindelik is dit nou been van my been en vlees van my vlees. Sy sal vrou (ishah) genoem word, want sy is vanuit die man (ish) geneem;”

Die Hebreeus vir *ribbebeen* (*tsela*) beteken ook *sy* of *een kant* soos wat ondermeer ook in Ex. 25:12 verwys word na die ringe wat aan die kant van verbondsark aangebring moes word. Maar die belangrike wat Gen. 2:22 ons egter leer, is dat 'n groot deel van die mens (een kant of helfte) geneem is om 'n helper vir hom te maak.

Hiermee saam is dit ook belangrik om die betekenis van '*n diep slaap* te verstaan, naamlik dat Adam bewus was van wat gebeur het. Ons weet dit in die lig daarvan dat dieselfde Hebreeuse woord vir '*n diep slaap* (*tardemah*) ook in Gen. 15:12 gebruik word waar ons lees: “en toe die son besig was om onder te gaan, val daar 'n diepe slaap oor Avram....” Beide Adam en Avram het 'n geestesverrukking (visioen) ervaar.

In die lig hiervan kan ons nou verstaan hoekom die mens aangaande sy helper kon sê: “Eindelik is dit nou been van my been en vlees van my vlees....” Dit is ook waar die gesegde van “my ander helfte” as verwysend na 'n man se huweliksmaat, sy oorsprong het!

“The man was dust refined, but the woman was dust double-refined, one remove further from the earth” – Matthew Henry.

Daarom is dit noodsaaklik dat getroude mans moet verstaan dat sy vrou sy helper is. (Hebreeus: '*ezer kenegdo* – geskikte helper). יהוה het dit so beskik.

Die betekenis van *ezer* (helper) het 'n militêre verbintenis en beteken iemand wat toegewy is tot jou welsyn as 'n helper wat bereid is om die vyand dood te maak en self in die proses te sterf.

Die probleem in huwelike is dikwels toe skryf aan die feit dat mans nie die woord van יהוה in Gen. 2:18 glo nie. Talle mans dink na hul huwelik dat hulle beter af sonder 'n vrou sou gewees het. Dit is egter nie wat Vader-God sê nie!! Die rede vir mislukte huwelike is dat beide die man en die vrou nie hulle יהוה-gegewe rol in die huwelik en die samelewing verstaan nie. 'n Verdere probleem is dat die huwelik deesdae eerder as 'n kontrak beskou word, en nie meer as 'n verbond soos wat יהוה dit beplan het nie!

Ons lees in Gen. 2:24 wat יהוה bedoel met 'n huwelik, naamlik dat die man en die vrou een vlees moet word.

daarom, soos die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou vashou, sal hulle een vlees wees.

Alleenlik wanneer man en vrou deur 'n huweliksverbond een vlees word, sal יהוה-God ook van die mens sê: “dit is uitermate goed”.

Gen. 2:24 leer ons dus die volgende aangaande die huwelik, naamlik dat:

- Beide die man en die vrou moet die ouerhuis verlaat.
- Hulle moet mekaar vashou (aankleef) en

- Op die wyse een vlees word.

Die Hebreuse woord vir *verlaat* beteken om *los te maak, agter te laat, te vertrek, weg te gaan, afstand te doen en te versaak*. Hierdie verlaat moet fisies, finansieël en emosioneel wees.

’n Huwelik sal spanningsvol wees, en kan selfs misluk, omrede die “verlaat” gedeelte nie volledig plaasgevind het nie. Enige fisiese verbintenis (kinders bly by ouers) of finansiële afhanklikheid (kinders kan nie vir hulleself sorg nie) of emosionele bindinge (kinders is nie los van ouers se invloed, beheer of manipulاسie nie) sal negatiewe gevolge vir ’n huwelik hê.

Ouers is ook dikwels skuldig deurdat hulle nie hul seun of dogter wil “afstaan” aan ’n huweliksmaat nie. Hulle maak dus die “verlaat” gedeelte vir hul kind moeilik deurdat hulle nie die kind losmaak nie.

Die Hebreuse woord vir *vashou (aankleef)* beteken om *agterna te sit, te agtervolg, saam te voeg, en aanmekeer te bind (te las)*. Dit verg ook ’n voortdurende en doelbewuste poging van beide. En onthou: Wat יהוה saamgevoeg het, mag geen mens skei nie (Matt. 19:6). En nog belangriker is om te verstaan dat liefde is ’n wilsbesluit; die emosie kom later!

Deurdat beide man en vrou hul ouers verlaat en mekaar vashou, word eenwording ’n werklikheid. Om een vlees te word is ’n proses waar beide verlaat en vashou voortdurend beoefen moet word.

’n Man en ’n vrou is slegs volledig mens deur eenwording in die huwelik!

’n Studie (kursus) oor die huweliksverbond kan afgelaai word by: [KursusHuwelikHersien](#)

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die verskil tussen ’n kontrak en ’n verbond? Die doel van ’n kontrak is eerstens om eie belange te beskerm, terwyl die doel van ’n verbond is eerstens om die belange van die een met wie die verbond gesluit word, te beskerm. Daarom: ’n kontrak is ’n selfsugtige ooreenkoms, terwyl ’n verbond ’n onselfsugtige ooreenkoms is. Die huwelik is ’n verbond tussen ’n man en ’n vrou waar beide ook in ’n verbondsverhouding met יהוה is.

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.